

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Van Tonder en Andere v Vorster (541/94)
[1996] ZASCA 32; 1996 (3) SA 383 (SCA);
[1996] 2 All SA 229 (A); (27 March 1996)
[1996] ZASCA 32

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Botha, E M Grosskopf, Harms, Scott, Plewman

CASE / FILE NUMBER

541/94

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

[Download original files](#)[PDF format](#)[RTF format](#)[Download original files](#)[PDF format](#)[RTF format](#)[PDF format](#)[RTF format](#)

Saaknommer 541/94

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA APPLAFDELING

LAFDELING

In die saak tussen

S VAN TONDER

EERSTE APPELLANT

KOMATIGATE ESTATES

(EDMS) BPK

TWEEDE APPELLANT

HECTORSPRUIT CITRUS

ESTATE (EDMS) BPK DERDE APPELLANT

EN

JAN HENDRIK VORSTER

RESPONDENT

CORAM: Botha, E M Grosskopf, Harms, Scott ARR et Plewman WndAR

Verhoordatum: 18 Maart 1996

Leweringsdatum: 27 Maart 1996

UITSPRAAKBOTHAR:

BOTHAR:

2Die respondent ("die eiser") het in die Transvaalse Provinsiale

Die respondent ("die eiser") het in die Transvaalse Provinsiale

Afdeling 'n aksie ingestel teen die appellante ("die verweerders"), wat

daarop uitgeloop het dat vonnis ten gunste van die eiser teen die

verweerders toegestaan is vir die betaling van 'n bedrag van

R135 000,00 met rente en koste. (Die uitspraak van die hofa quois

a quo

gerapporteer: sienVorster en 'n Ander v Van Tonder en Andere1996

Vorster en 'n Ander v Van Tonder en Andere

1996

(1) SA 1129(T.) Hierteen appelleer die verweerders, met die verlof
van die hofa quo.

Die saak is in die hofa quobereg op die grondslag van 'n

gestelde saak wat die partye opgestel en voorgelhet ingevolge die

het ingevolge die

bepalings van Rel 33 van die Eenvormige Hofrels. Alvorens ek die

l 33 van die Eenvormige Hofrels. Alvorens ek die

ls. Alvorens ek die

gestelde saak hier weergee, is dit gerade om enkele inleidende

opmerkings daaroor te maak. In die uiteensetting van ooreengekome

feite word daar verwys na'n aantal aanhangsels. Die strekking van die

aanhangsels, vir sover dit ter sake is, word egter nie in die
3 uiteensetting self weergegee op '11 wyse wat 'n mens kan laat verstaan
presies waaruit die geskil tussen die partye ontstaan het nie. Om die
begrip van die feite en die geskil te vergemaklik, sal ek gevolglik
hieronder die aanhaling van die gestelde saak onderbreek, telkens
wanneer daar na die aanhangsels verwys word, deur in vierkantige
hakies kortliks die inhoud daarvan te vermeld, vir sover dit ter sake is.
Origens word die gestelde saak hieronder aangehaal net soos dit in die
oorkonde voorkom, sonder redaksionele korreksies(sic):
(sic)

"1UITEENSETTING VAN OOREENGEKOME FEITE:

UITEENSETTING VAN OOREENGEKOME FEITE:

1.1 Eiser is in besit van twee tjeks waarvan Eerste Verweerder die trekker is en Tweede en Derde Verweerders die tjeks agterop as avalle geteken het. Afskrifte van die voor- en agterkante van die tjeks word hierby aangeheg as Aanhangsels 'A' en 'B'."

[Een van die tjeks is gedateer "30-1-1987" en die ander "30-1-1988". Elkeen is vir 'n bedrag van R100 000,00 en elkeen is uitgemaak ten gunste van N F van Tonder. Op elkeen is die gedrukte woorde "of toonder" en "or bearer" ndie naam van die nemer deurgehaal en bokant dit die woord "alleen" ingeskryf; daardie woord is ook deurgehaal en langs di

die naam van die nemer deurgehaal en bokant dit die woord "alleen" ingeskryf; daardie woord is ook deurgehaal en langs di

4

deurhaling verskyn die paraaf van die eerste verweerder. Op die agterkant van elke tjek is die name getik van die tweede en derde verweerders (hulle is maatskappye) en bokant diname verskyn die handtekening van die eerste verweerder. Agterop elke tjek is daar verder 'n handtekening wat deur die partye aanvaar word - soos terstond sal blyk - die naam N F van Tonder weer te gee.]

name verskyn die handtekening van die eerste verweerder. Agterop elke tjek is daar verder 'n handtekening wat deur die partye aanvaar word - soos terstond sal blyk - die naam N F van Tonder weer te gee.]

"1.2 Ex facie die voor- en agterkante van die tjeks is die nemer daarvan 'N F VAN TONDER' en het 'N F VAN TONDER' beide tjeks op die agterkant daarvan onderteken. Die nemer van elke tjek is 'N F VAN TONDER SNR' en die persoon wat die tjeks agterop onderteken het, is 'N F VAN TONDER JNR', synde die seun van N F VAN TONDER SNR.

1.3 Gemelde tjeks is deur Eerste Verweerder aan N F VAN TONDER JNR, wat opgetree het namens N F VAN TONDER SNR, oorhandig ingevolgedie bepalings van 'n ooreenkoms, aangegaan op 11 Februarie 1986, 'n afskrif waarvan hierby aangeheg word as Aanhangel 'C'."

[Aanhangel C is 'n koopkontrak waarvolgens N F van Tonder senior die aandele in 'n sekere maatskappy aan die eerste verweerder verkoop het vir 'n bedrag van R1 miljoen. Bokant die woord "VERKOPER" aan die einde van die kontrak het N F van Tonder junior geteken, met byskrywing van die woorde "as behoorlik gevolmagtigde van N F van Tonder (SNR)". Die kontrak het bepaal dat die balans van die koopprys in 14 paaielemente betaalbaar sou wees, vanaf 30 April 1986 tot 28 Februarie 1988, ten opsigte waarvan die koper vooruitgedateerde tjeks sou uitmaak en by ondertekening van die kontrak aan die verkoper sou oorhandig.]

5

"1.4 Op 12 Junie 1986 het Eiser aandele in 'n beslote korporasie aan N F VAN TONDER SNR, soos verteenwoordig deur N F VAN TONDER JNR, verkoop

soos meer volledig blyk uit 'n koopkontrak, 'n afskrif waarvan hierby aangeheg word as Aanhangel 'D'. Eiser het behoorlik teenoor N F VAN TONDER SNR ingevolge gemelde ooreenkoms presteer. Ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms moes N F VAN TONDER SNR vier tjeks van Eiser lewer, welke tjeks ontvang is uit hoofde van Aanhangel 'C' en is gemelde tjeks aan Eiser vir waarde oorgedra."

[Die vier tjeks wat N F van Tonder senior aan die eiser moes lewer word in die koopkontrak, aanhangsel D, gedentifiseer met verwysing na die feit dat die koper (N F van Tonder senior) dit ontvang het van ene Steve van Tonder (die eerste verweerder) ingevolge die kontrak tussen hulle wat tans aanhangsel C is, en met verwysing na die bedrae en datums daarvan, soos volg: R50 000,00

- 30/8/1986; R50 000,00 - 30/9/1986; R100 000,00 30/1/1987; R100 000,00 - 30/1/1988.]

dentifiseer met verwysing na die feit dat die koper (N F van Tonder senior) dit ontvang het van ene Steve van Tonder (die eerste verweerder) ingevolge die kontrak tussen hulle wat tans aanhangsel C is, en met verwysing na die bedrae en datums daarvan, soos volg: R50 000,00

- 30/8/1986; R50 000,00 - 30/9/1986; R100 000,00 30/1/1987; R100 000,00 - 30/1/1988.]

"1.5 Op versoek van Eiser soos deur N F VAN TONDER aan

Eerste Verweerder oorgedra, het Eerste Verweerder op al vier die tjeks wat aan Eiser gelewer moes word, die woord 'alleen' deurgehaal en daarby geparafeer.

1.(5 Nadat die tjeks soos voormeld gewysig is, het N F VAN TONDER JNR, ingevolge 'n skriftelike Volmag van N F VAN TONDER SNR, 'n afskrif waarvan hierby aangeheg word as Aanhangsel 'E', gemelde tjeks op die agterkant daarvan namens N F VAN TONDER SNR endosseer en aanEisergelewer. "

6.

[Aanhangsel E is gedateer 16 Junie 1986 en dit is onderteken deur N F van Tonder senior. Dit lui soos volg:

"Hiermee ratifiseer ek NICOLAAS FRANS VAN TONDER (Snr.) van TINY, DEWETSDORP die kontrak hierby aangeheg, en geparafeer deur myself wat my seun NICOLAAS FRANS VAN TONDER (Jnr.) met JAN HENDRIK VORSTER op 12 Junie 1986 geteken het, en magtig ek hom om alle verdere dokumente te teken of tjeks ten behoeve van myself te teken of oor te endosseer, met betrekking tot gesegde kontrak."]

"1.7 1.7.1 Eiser het die tjek gedateer 30 Augustus 1986 vir betaling aangebied en is gemelde tjek betaal.

1.7.2

Ten opsigte van die tjek gedateer 30 September 1986 het Eiser en Eerste Verweerder 'n ooreenkoms ten opsigte van betaling daarvan aangegaan en het betaling ingevolge sodanige ooreenkoms geskied.

1.7.3

Ten opsigte van die tjek gedateer 30 Januarie 1987 het Eerste Verweerder 'n totale bedrag van R65 000,00 aan Eiser betaal. Eerste Verweerder ontken, soos meer volledig hieronder sal blyk, dat Eiser geregtig is op betaling van sodanige tjek.

1.7.4

Ten opsigte van die tjek gedateer 30 Januarie 1988 ontken Verweerder, soos meer volledig hieronder sal blyk, dat Eiser geregtig is op betaling van sodanige tjek.

1.8 Op 7 Julie 1988 het N F VAN TONDER SNR en Eerste Verweerder 'n ooreenkoms aangegaan, 'n afskrif waarvan hierby aangeheg word as Aanhangsel 'F'."

7

[In aanhangsel F het NF van Tonder senior en die eerste verweerder ooreengekom dat die wyse van betaling van die kooppryssoos vervat in hulle kontrak van 11 Februarie 1986, aanhangsel C, in die geheel vervang word deur 'n nuwe betalingswyse, wat die lewering van 10 vragmotors deur die eerste verweerder aan N F van Tonder behels het. Aanhangsel F bepaal dat dit beskou word dat die eerste verweerder al sy verpligtinge kragtens die vorige kontrak (aanhangsel C) ten volle nagekom het, dat N F van Tonder senior die eerste verweerder vrystel van enige eise ingevolge die vorige kontrak, en dat N F van Tonder senior onderneem om die tjeks wat hy ingevolge die

vorige kontrak van die eerste verweerder ontvang het, aan die eerste verweerder terug te besorg.]

"2REGSVRAAG IN GESKIL:

REGSVRAAG IN GESKIL

Is getuienis toelaatbaar ten einde die identiteit van 'n endossant te bepaal en indien wel, kan getuienis aangebied word om, waar dit nie ex facie die tjeks self blyk nie, aan te toon dat die persoon wat as endossant geteken het, dit gedoen het namens en in volmag van 'n ander persoon?

2.1 Verweerder se stelling:

Verweerder se stelling:

Verweerder voer aan dat getuienis wel toelaatbaar is om die identiteit van 'n endossant te bepaal. Verweerder voer aan dat dit nie ex facie Aanhangsels 'A' en 'B' blyk dat N F VAN TONDER JNR gemelde tjeks as gevolmagtigde van N F VAN TONDER SNR gendosseer het nie. Die parol evidence rel verbied Eiser om getuienis van sodanige volmag aan te bied en gevolglik kon Eiser nie die relmatige houer van sodanige tjeks geword het nie.

ndosseer het nie. Die parol evidence rel verbied Eiser om getuienis van sodanige volmag aan te bied en gevolglik kon Eiser nie die relmatige houer van sodanige tjeks geword het nie.

l verbied Eiser om getuienis van sodanige volmag aan te bied en gevolglik kon Eiser nie die relmatige houer van sodanige tjeks geword het nie.

lmatige houer van sodanige tjeks geword het nie.

8

2.2 Eiser se stelling:

Eiser se stelling:

Eiser voer aan dat getuienis wel toelaatbaar is om die identiteit van 'n endossant te bepaal, maar, indien die Agbare Hof sou bevind dat getuienis om 'n volmag aan te toon nie toelaatbaar is nie, getuienis op dieselfde basis ontoelaatbaar moet wees om die identiteit van 'n endossant te bepaal. Ex facie die tjeks blyk dit dat die nemer se handtekening is wat as endossant op die agterkante daarvan verskyn. Eiser voer verder aan dat hy wel geregtig is om die getuienis, ten opsigte waar van die feite ooreengekom is en soos hierbo uiteengesit, aan te bied dat VAN TONDER JNR wel as gemagtigde van VAN TONDER SNR die tjeks namens VAN TONDER SNR gendosseer het en dat hy gevolglik by ontvangs daarvan 'n relmatige houer daarvan geword het.

ndosseer het en dat hy gevolglik by ontvangs daarvan 'n relmatige houer daarvan geword het.

lmatige houer daarvan geword het.

3OOREENGEKOME BEVEL:

OOREENGEKOME BEVEL:

3.1.

Indien Eiser se stellinge aanvaar word, word die volgende bevelgemaak:

'1. Vonnis ten gunste van Eiser teen Verweerder vir betaling van 'n totale bedrag van R135 000,00;

2.

Rente op die bedrag van R135 000,00 vanaf 19 Augustus 1990 tot datum van betaling teen 18,5% per jaar;

3.

Koste van die geding.'

3.2.

Indien Verweerder se stellinge aanvaar word, word die volgende bevel gemaak:

'1. Die saak word sine die uitgestel;

2. Eiser word gelas om die koste ten opsigte van die

9

voorbereiding en aanhoor van die gestelde saak te betaal."

Dit is nodig om eers stil te staan by die presiese omvang van die geskil tussen die partye, soos dit uit die gestelde saak blyk. In par 2.1 eindig die verweerders se stellings met die kontensie dat die eiser nie die relmatige houer van die tjeks kon geword het nie, terwyl die eiser se stellings in par 2.2 uitloop op die kontensie dat die eiser die relmatige houer van die tjeks geword het. Die belang van die vraag of die eiser die relmatige houer van die tjeks is, is natuurlik duidelik: is hy dit nie, kan die verweerders teen hom die verweer opper dat die eerste verweerder van aanspreeklikheid onthef is kragtens die kontrak tussen hom en N F van Tonder senior, aanhangsel F; is hy dit wel,' kan die verweer nie teen hom geopper word nie.

Imatige houer van die tjeks kon geword het nie, terwyl die eiser se stellings in par 2.2 uitloop op die kontensie dat die eiser die relmatige houer van die tjeks geword het. Die belang van die vraag of die eiser die relmatige houer van die tjeks is, is natuurlik duidelik: is hy dit nie, kan die verweerders teen hom die verweer opper dat die eerste verweerder van aanspreeklikheid onthef is kragtens die kontrak tussen hom en N F van Tonder senior, aanhangsel F; is hy dit wel,' kan die verweer nie teen hom geopper word nie.

Imatige houer van die tjeks geword het. Die belang van die vraag of die eiser die relmatige houer van die tjeks is, is natuurlik duidelik: is hy dit nie, kan die verweerders teen hom die verweer opper dat die eerste verweerder van aanspreeklikheid onthef is kragtens die kontrak tussen hom en N F van Tonder senior, aanhangsel F; is hy dit wel,' kan die verweer nie teen hom geopper word nie.

Imatige houer van die tjeks is, is natuurlik duidelik: is hy dit nie, kan die verweerders teen hom die verweer opper dat die eerste verweerder van aanspreeklikheid onthef is kragtens die kontrak tussen hom en N F van Tonder senior, aanhangsel F; is hy dit wel,' kan die verweer nie teen hom geopper word nie.

In die partye se kontensies (par 2.1 en 2.2) word die vraag of die eiser die relmatige houer van die tjeks is egter uitsluitlik gekoppel aan die vraag na die toelaatbaarheid al dan nie van die getuienis

Imatige houer van die tjeks is egter uitsluitlik gekoppel aan die vraag na die toelaatbaarheid al dan nie van die getuienis

10aangaande N P van Tonder senior se volmag aan N F van Tonder

aangaande N P van Tonder senior se volmag aan N F van Tonder

junioromdietjeksnamenshomteendosseer(aanhangsel E). Daardie

getuienis kan net betrekking hop die vraag of die eiser die houer van

op die vraag of die eiser die houer van

die tjeks geword het: as dit toelaatbaar is, volg dit dat die tjeks deur

die blanko endossement namens die nemer toonder-tjeks geword het

en dat die eiser as die besitter daarvan die houer is (artikels 29(3) en

31 (1) van die Wisselwet 34 van 1964 ("die Wet"), gelees met die

omskrywing van "houer" in artikel 1). Maar die gewraakte getuienis

aangaande die volmag het nie betrekking op die ander vereistes wat vir

'n relmatige houer gestel word in artikel 27 van die Wet nie (afgesien

Imatige houer gestel word in artikel 27 van die Wet nie (afgesien

daarvan dat hy 'n houer moet wees), soos byvoorbeeld dat hy die tjeks

te goeder trou geneem het. Terselfdertyd bepaal par 3.1 van die

gestelde saak dat, indien die eiser se stellings aanvaar word, vonnis ten

gunste van die eiser toegestaan sal word soos daar uiteengesit. Die

enigste afleiding wat 'n mens uit die gestelde saak as 'n geheel kan

11 maak, is dat, afgesien van die vraag of die eiser die houer van die maak, is dat, afgesien van die vraag of die eiser die houer van die tjeks is, die partye nie die ander vereistes van relmatige houerskap in lmatige houerskap in die gedrang wou bring nie. Dit is gevolglik in daardie beperkte konteks dat die vraag na die toelaatbaarheid van die gewraakte getuienis oorweeg moet word.

Die "regsvraag in geskil" wat in par 2 van die gestelde saak geformuleer is, is in onaanvaarbare algemene en abstrakte terme ingeklee. Die vraag wat geopper word, kan en moet slegs beantwoord word binne die raamwerk van die besondere feite wat in die gestelde saak genoem word. Die eerste gedeelte van die vraag (of getuienis toelaatbaar is om die identiteit van die endossant te bepaal) is inderdaad nie in geskil nie: in die betoog voor hierdie hof was dit gemeensaak dat die getuienis vermeld in par 1.2 van die gestelde saak toelaatbaar is, nl dat dit N F van Tonder junior is wat die endossemente op die tjeks aangebring het. Die gestelde saak meld nie

12

uitdruklik dat die endossemente in die vorm van sy gewone

handtekening is nie, maar die eiser se advokaat was nie geneom die teendeel te argumenteer nie en ek sal aanvaar dat dit so is. Wat die tweede deel van die vraag betref, as 'n mens dit reduceer tot die feite van die geval, dan sal dit soos volg lui: kan getuienis aangebied word om aan te toon dat N F van Tonder junior die tjeks as endossant geteken het namens en in volmag van N F van Tonder senior? Die vraag moet oorweeg word aan die hand van die feite vermeld in par 1.6 van die gestelde saak, met inagneming van die inhoud van die volmag, aanhangsel E, en verder met inagneming van die besondere feit dat die prinsipaal en die gemagtigde, Senior en Junior, dieselfde voorletters en van dra.

om die teendeel te argumenteer nie en ek sal aanvaar dat dit so is. Wat die tweede deel van die vraag betref, as 'n mens dit reduceer tot die feite van die geval, dan sal dit soos volg lui: kan getuienis aangebied word om aan te toon dat N F van Tonder junior die tjeks as endossant geteken het namens en in volmag van N F van Tonder senior? Die vraag moet oorweeg word aan die hand van die feite vermeld in par 1.6 van die gestelde saak, met inagneming van die inhoud

van die volmag, aanhangsel E, en verder met inagneming van die besondere feit dat die prinsipaal en die gemagtigde, Senior en Junior, dieselfde voorletters en van dra.

In die hofa quoen weer in hierdie hof was die betoog namens die eiser dat die getuienis aangaande die volmag toelaatbaar is op enige een van twee altematiewe gronde: eerstens, omdadit val binne

dit val binne

13die bestek van artikel 95(1) van die Wet; tweedens, omdat dit nie

die bestek van artikel 95(1) van die Wet; tweedens, omdat dit nie

indruis teen die algemene rel wat ekstrinsieke getuienis ter

l wat ekstrinsieke getuienis ter

weerspreking, wysiging of aanvulling van die skriftelike stuk uitsluit

nie. In die hofa quohet PREISS R die eerste grond van die betoog

verwerp, maar ten gunste van die eiser bevind op die tweede grond.

In hierdie hof het die verweerder se advokaat die beslissing op die

eerste grond ondersteun en diop die tweede grond aangeveg. In die,

op die tweede grond aangeveg. In die,

omstandighede is dit gerade om eers die eerste grond van die betoog

namens die eiser in onskou te neem.

nskou te neem.

Artikel 95(1) van die Wet bepaal soos volg:

"Indien daar ingevolge hierdie Wet vereis word dat 'n stuk of geskrif deur iemand geteken word, is dit nie nodig dat hy dit self teken nie, maar is dit toereikend indien sy handtekening daarop geskryf word deur een of ander persoon met of kragtens sy magtiging, en is die gemagtigde beseling met die sel van 'n regspersoon toereikend, en word dit geag gelykstaande te wees met die tekening of endossering van so 'n stuk of geskrif."

ling met die sel van 'n regspersoon toereikend, en word dit geag gelykstaande te wees met die tekening of endossering van so 'n stuk of geskrif."

l van 'n regspersoon toereikend, en word dit geag gelykstaande te wees met die tekening of endossering van so 'n stuk of geskrif."

Die redes waarom PREISS R die eiser se beroep op die artikel

14verwerp het, blyk uit die volgende uittreksel uit sy uitspraak (op 1132

verwerp het, blyk uit die volgende uittreksel uit sy uitspraak (op 1132

H-I):

"Ek is van mening dat artikel 95(1) voormeld geen steun vir die eiser bied nie. Die betrokke artikel verwys na die geval waar iernand 'n ander se handtekening op die wissel aanbring. Dit is nie wat hier plaasgevind het nie. Van Tonder jnr het nie bedoel om sy vader se naam op die wissel aan te bring nie. In terme van die ooreengekome feite het hy sy eie naam daarop geskrywe. Dit was inooreenstemming met sy volmag. Die feit dat hy dieselfde voorletters en van dra, is bloot toevallig. Artikel 95(1) dek nie die huidige geval nie."

Ek stem met eerbied nie saam met hierdie beredenering nie. Na my mening val die feite van die gestelde saak presies binne die trefwydte van die bepaling van artikel 95(1), om die redes wat volg.

Die Wet bevat geen omskrywing van die betekenis van die woord "handtekening" nie. In die samehang waarin die woord in artikel 95(1) gebruik word ("indien sy handtekening daarop geskryf word"), beteken dit klaarblyklik nie die betrokke persoon se handtekening in die vorm waarin hy gebruiklik sy naam teken nie.

15 Die artikel beoog slegs dat die betrokke persoon ("die prinsipaal") se naam op die stuk geskryf word, sonder enige voorskrif oor die vorm waarin dit geskied. Die gemagtigde skrywer kan die prinsipaal se naam skryf soos hy wil: in hoofletters of klein letters, drukskrif of handskrif; hy kan selfs die gebruiklike handtekening van die prinsipaal probeer naboots; of hy kan die prinsipaal se naam in sy eie gewone handskrif skryf; en as dit so is dat sy eie voorletters en van dieselfdeisas divandie prinsipaal, dan doen dit na my mening geen vandie prinsipaal, dan doen dit na my mening geen afbreuk aan die toepaslikheid van artikel 95(1) as die naam van die prinsipaal op die stuk voorkom in die vorm van die gewone handtekening van die skrywer daarvan nie, solank as die skrywer se optrede val binne die perke van die prinsipaal se opdrag. In die huidige geval is die volmag, aanhangsel E, in wye en ongekwalifiseerde terme. Van Tonder senior het Van Tonder junior gemagtig om "tjeks ten behoeve van myself te teken of oor te

16 endosseer." Dit is nie gestipuleer hoe hy dit moes doen nie. Die aanbring van Van Tonder senior se naam as endossant het binne die omvang van die volmag geval.

In die lig van die voorgaande oorwegings is dit onjuis om te s dat die huidige nie 'n geval is waar iemand 'n ander se handtekening op die wissel aangebring het nie. Na my oordeel het die hofa quo meer gelees in de feit dat volgens die ooreengekome feite Van Tonder e feit dat volgens die ooreengekome feite Van Tonder junior sy eie naam op die tjeks geskryf het as wat geregverdig is. Hy het terselfdertyd, volgens die ooreengekome feite, Van Tonder senior se naam daarop geskryf, en dit was in ooreenstemming met sy volmag. Dit is wat deurslaggewend is in die gestelde saak soos die partye dit geformuleer het. In par 1.21 word ter aanvang die feit gestel dat ex facie die tjeks die name van die nemer en die endossant dieselfde is. Dit duiprima faciedaarop dat die tjeks gendosseer is deur of namens prima facie ndosseer is deur of namens die nemer. Dit word egter in die gedrang gestel deur die volgende 17feite wat genoem word, nl dat die nemer Van Tonder senior is en dat feite wat genoem word, nl dat die nemer Van Tonder senior is en dat Van Tonder junior agterop geteken het. Difeite opper vanself die feite opper vanself die vraag of Van Tonder Junior gemagtig was deur Van Tonder senior om die endossemente aan te bring. Hierdie vraag kom dan weer te sprake in par 1.6. In diverband is die ooreengekome feite dat Van Tonder verband is die ooreengekome feite dat Van Tonder junior ingevolge die volmag, aanhangsel E, die tjeksnamensVan namens

Tonder senior gendosseer het. "Namens" beteken " in die naam
ndosseer het. "Namens" beteken " in die naam
van" (sien bv dieVerklarende Afrikaanse Woordeboekvan
Verklarende Afrikaanse Woordeboek
Labuschagne en Eksteen). Die ooreengekome feite in par 1.6 val
gevolglikprima faciebinne die bestek van die bepaling van artikel
95(1), en daar is niks in die res van die gestelde saak wat daaraan
afbreuk doen nie.

Artikel 95(1) beoog klaarblyklik dat getuienis toelaatbaar is om
aan te toon dat die prinsipaal se naam met sy magtiging op die stuk
geskryf is. In 'n sekere sin is artikel 95(1) die teenvoeter van
18

artikel 22. Laasgenoemde veroorloof getuienis dat iemand se naam
sonder sy magtiging op 'n wissel geplaas is, terwyl eersgenoemde getuienis toelaat dat die naam
met magtiging daarop geskryf is. Daarvolgens is die gewraakte getuienis in die huidige geval wel
toelaatbaar.

My gevolgtrekking is derhalwe dat die eerste grond van die betoog namens die eiser in die hofa
quobehoort te geslaag het. Dit synde die geval, is dit onnodig om aandag te skenk aan die tweede
grond van die betoog.

Die appl word van die hand gewys met koste.

l word van die hand gewys met koste.

A S BOTHA APPLREGTER

LREGTER

Stem saam

E M Grosskopf AR Harms AR Scott AR Plewman WndAR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1996/32.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/van-tonder-en-andere-v-vorster-unknown-topic-asca-1996>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria